
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# RELIGIESTUDIES V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 16 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B | (1) |
| | 1.1.2 | A | (1) |
| | 1.1.3 | A | (1) |
| | 1.1.4 | B | (1) |
| | 1.1.5 | C | (1) |
| | 1.1.6 | D | (1) |
| | 1.1.7 | B | (1) |
| | 1.1.8 | A | (1) |
| | 1.1.9 | B | (1) |
| | 1.1.10 | D | (1) **[10]** |
| 1.2 | 1.2.1 | D | (1) |
| | 1.2.2 | E | (1) |
| | 1.2.3 | A | (1) |
| | 1.2.4 | F | (1) |
| | 1.2.5 | G | (1) |
| | 1.2.6 | B | (1) **[6]** |
| 1.3 | 1.3.1 | Hajj<br>Die ander drie word met Christendom geassosieer. | (2) |
| | 1.3.2 | Shiva<br>Die ander drie is godsdienstige leiers. | (2) |
| | 1.3.3 | Taoïsme<br>Die ander drie is sekulêre wêreldbeskouings. | (2) |
| | 1.3.4 | Moses<br>Die ander drie is Opperwese in Afrika Tradisionele Godsdiens. | (2) |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3.5 Induna
Die ander drie is Opperwese. (2)
**[10]**

1.4 1.4.1 Reformasie (2)

1.4.2 Dharma (2)

1.4.3 Shintoïsme (2)

1.4.4 Golgota (2)

1.4.5 Dogma (2)
**[10]**

1.5 1.5.1 Onwaar
Die opperwese in Afrika Tradisionele Godsdiens word verskillende name, insluitende UNkulunkulu, Qamata of Modimo genoem. (2)

1.5.2 Onwaar
Voorvaders word in Afrika Tradisionele Godsdiens vereer. (2)

1.5.3 Onwaar
Die ideaal in Theravada Boeddhisme is vir die individu om ’n lewe van meditasie te leef om Nirvana of Moksha te bereik. (2)

1.5.4 Waar (2)

1.5.5 Onwaar
Maternaal beteken die moeder se familie kant. (2)
**[10]**

1.6 1.6.1 **Goue Reël**
- Doen aan anders soos jy aan jou gedoen wil hê.
- Dit kom in verskillende godsdienste voor, bv. Christendom, Konfusianisme.
- Dit is ’n algemeen aanvaarde beginsel, nie noodwendig godsdienstig nie.

**LET WEL: Enige relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (2)

1.6.2 **Yin en Yang**
- In Taoïsm, bestaan alle dinge uit hierdie twee kragte.
- Die Yang is aktief en lig, terwyl die Yin passief en donker is.
- Die Yang is sterk en word as manlik gesien, terwyl die Yin sag is en as vroulik gesien word. (2)

**LET WEL: Enige relevante antwoorde moet gekrediteer word.**
**[4]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B

## VRAAG 2

**2.1 Noem TWEE unieke eienskappe van ELK van die volgende godsdienste.**

**2.1.1 Judaïsme**

- Jode glo dat hulle ŉ verbond met God het.
- God word as ŉ Vader figuurgesien, wie beide hulle Skepper en Beskermer is.
- God is so heilig dat dit verbode is om selfs Sy naam te noem.
- Hulle glo dat God homself deur Sy Wet openbaar het.
- Hulle lê meer klem op die korrekte leefwyse, eerder as geloof of oortuiging.

**LET WEL: Enige relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (4)

**2.1.2 Hindoeisme**

- Hindoeisme het baie gode.
- Sommige glo in Shiva, ander glo in Vishna.
- Hindoes glo in reïnkarnasie waar die siel deur 'n reeks doods en geboortes gaan.
- In die hart van Hindoe-denke is 'n diep geloof in die moontlikheid van sowel geestelike vooruitgang as geestelike agteruitgang (genoem reïnkarnasie).
- Dit is die enigste godsdiens wat sê, "jy kan god wees".
- Dit het nie eenvormige oortuigings of leerstellings nie.
- Die siel word as ewig en onveranderlik beskou.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

**2.1.3 Islam**

- Moslems glo daar is slegs een God naamlik Allah.
- Hulle glo dat Allah verskeie profete gestuur het, maar dat Profeet Mohammed sy finale boodskapper is.
- Hulle primêre bronne is die Koran en Haddith.
- Hulle glo in die finale oordeel wanneer alle mense geoordeel gaan word.
- Hulle glo die Koran is in Arabies geopenbaar en moet in Arabies gelees word.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**2.2 Verduidelik die konsep uniekheid in die konteks van Religie.**

- Uniekheid is die eienskap om uniek of ongewoon te wees.
- Dis daardie eienskappe wat ŉ religie anders maak van ander godsdienste.
- Dit is die eienskappe wat ŉ religie identifiseer as verskillend.
- Daar is uniekheid in geloofstelsels, praktyke en normatiewe tekste.
- In Religiestudies beteken dit dat elke godsdiens uniek of merkwaardig is.

**NOTE: Other relevant responses must be credited.** (4)

**2.3 In die konteks van godsdiens, skryf TWEE feite oor ELK van die volgende:**

**2.3.1 Drie-eenheid in Christendom**

- Die manifestasie van God in drie persone (God die Vader, die Seun en die Heilige Gees).
- Drie-eenheid beteken drie in een of een in drie.
- God die Vader is die Skepper.
- Die Seun is die Verlosser.
- Die Heilige Gees is die Raadgewer.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

**2.3.2 Hindoeisme se siening oor Karma.**

- Dit is ŉ Hindoe-oortuiging/geloof dat elke aksie ŉ gevolg het wat slegs in ŉ later reinkarnasie opduik.
- Dit impliseer die resultate van aksies.
- Dit leer dat ŉ persoon se aksies in die verlede vir sy /haar huidige omstandighede verantwoordelk is.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

**2.3.3 Godheid in Taoisme.**

- In Taoisme kan die Tao nie beskryf word nie, maar dit beteken nie dat Taoïste nie probeer nie.
- Die opperwese is enorm en ruim.
- Die skepping gebeur daarin en stroom voort hieruit.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

**2.4 Analiseer die belangrikheid van die uniekheid van ŉ religie.**

- Dit versterk die gelowige se geloof.
- Dit identifiseer die religie tussen ander.
- Dit wys die gelowige hoe om te leef.
- Dit help die gelowige verenig in die geestelike lewe met ander.
- Dit help lede om te verduidelik waarom hulle daardie godsdiens gekies het.
- Dit help ook lede om te identifiseer wie behoort aan die geloof en wie nie.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (6)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**2.5 Bespreek die faktore wat Godsdienstige Identiteit beïnvloed.**

- Die godsdienstige identiteit van ŉ persoon word deur sekere rituele gevorm.
- Die godsdienstige identiteit van ŉ individu word ook deur godsdienstige simbole gevorm.
- Die kleredrag van ŉ spesifieke godsdiens vorm die godsdienstige identiteit van sy volgelinge.
- Die leerstelling en praktyke beïnvloed ook die godsdienstige identiteit van die mense.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

**2.6 Differensieër tussen die volgende konsepte :**

**2.6.1** ***Gelykenis***

- ŉ Gelykenis is gewoonlik kort en dit bevat gewoonlik ŉ morele les.
- ŉ Gelykenis is ŉ storie wat vertel word om ŉ religieuse beginsel of antwoord op ŉ religieuse vraag gee.

***Allegorie***

- ŉ Allegorie is langer as ŉ gelykenis.
- Dit bevat meer as een morele of religieuse beginsel. (4)

**2.6.2** ***Geloof***

- Geloof word gebruik as sinoniem vir godsdiens.
- Dit mag ook verwys na die aanvaarding van ŉ ding of ŉ feit.

***Lering***

- Lering beteken om sistematiese inligting/informasie.
- Dit is belangrik in sommige godsdienste, maar minder belangrik in ander godsdienste.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

**2.7 Lys TWEE ooreenkomste wat bestaan tussen die Oosterse godsdienste.**

- Oosterse godsdienste glo in Karma.
- Hulle glo in Dharma.
- Oosterse godsdienste glo in reïnkarnasie.
- Hulle glo in Moksha.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.**

(4)
**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3**

**3.1 3.1.1 Noem TWEE wyses waarop die opskrif die leser se aandag trek.**

- Die meeste lesers sal die opskrif as skokkend sien.
- Die opskrif is sensasioneel.
- Dit moedig die leser aan om verder te lees.
- Die opskrif stel dit as ŉ feit dat hierdie profete/pastore mense wie desperaat is uitbyt deur hulle finansieël te plunder.
- ŉ Prooi word met wilde diere geassosieër.
- Geloof of oortuiging is religieuse konsepte.
- Die opskrif vergelyk die praktyke van die profete /pastore met die gedrag van wilde diere.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

**3.1.2 Uit die uittreksel, haal een sin aan wat wys dat hierdie gebeurtenis ŉ wêreldwye praktyk is.**

- "Dit kom ook voor in Nigerië, Suid-Afrika, Kenia, Zimbabwe en Westerse lande." (2)

**3.1.3 Volgens die artikel, hoe doen hierdie profete oneer aan die naam van Jesus?**

- Hulle gebruik die naam van Jesus in hul preke om miljoene vir hulself te genereer.

(2)

**3.1.4 Hierdie artikel verwys na die misbruik van mense se goloofstelsel. Hoe kan mense se geloofstelsel misbruik word?**

- Geestelike Misbruik – ŉ Persoon in ŉ dominante posissie wat Bybelverse of godsdienstige reëls misbruik om volgelinge te beheer/manupileer.
- Beloftes dat navolgers hemel toe gaan indien hulle die godsdienstige leier of organisasie verryk.
- Finansiële Misbruik – Die gebruik van die skrifte vir belofte van seëninge, om mense sover te kry om groot donasies te gee aan ŉ spesifieke pastoor/profeet/apostel.
- Predikers verkoop sogenaamde "gesalfde/heilige" produkte en oortuig mense dat dit werk.
- Onderdrukking van Vroue - Gebruik van skrifte om vroue te domineer.
- Seksuele Misbruik – Vroue, meisies en seuns word seksueel misbruik deur priesters, pastore, en ander geestelike leiers.
- Voorgee – Sommige predikers gee selfs voor dat hulle met God praat op hul selfone terwyl hulle preek.
- Sommige doen vals wonderwerke.
- Bejaarde mense wat regeringstoelae kry, is maklike teikens vir hierdie mense.
- Sielkundige misbruik – Mense word gemanipuleer om dinge te doen wat weinig of geen geestelike belangrikheid of effek het nie.
- Mense word gemanupileer om te glo dat hierdie mense spesiale toegang tot God het.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (6)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**3.1.5 Verduidelik tot watter mate jy dink godsdiens deur die regering gereguleer moet word.**

- Volgens die konstitusie het die staat ’n verpligting om sy burgers te beskerm.
- Dit sluit lede van godsdienstige organisasies in.
- Die staat moet slegs ingryp as die wet oortree word.
- Byvoorbeeld met enige vorm van diskriminasie, beperking van vryheid van assosiasie, ens.
- Inteendeel, glo godsdienstige organisasies dat hulle deur God geïnspireer is, daarom dat hulle nie nodig het om deur mense gereguleer te word nie.
- Mense sal bewus wees van hul regte en sal misbruik kan teëstaan.
- Oorregulering kan tot weerstand teen die staat lei.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (6)

**3.1.6 As ’n jongmens en Religiestudies student, skryf DRIE voorstellings oor hoe godsdiens leiers hulle moet gedra.**

- Religieuse leiers moet mense van integriteit wees.
- Hulle moet volgens die reëls en riglyne in hul heilige skrifte leef.
- Godsdiens leiers moet hul mense kan onderrig hoe om op te tree.
- ’n Diensknegleier moet hul tyd vir God se glorie gebruik en nie vir eie gewin nie.
- ’n Diensknegleier sien mense as waardevol vir God en nie vir hulself nie.
- Religieuse leiers moet opsigters wees van hul volgelinge se tyd en talente in diens van God se koninkryk.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (6)

**3.2 Verduidelik hoe godsdiensorganisasies hulself kan beskerm teen negatiewe verslaggewing deur die media.**

- Hulle moet hul lede leer hoe om die media te hanteer.
- Hulle moet nie negatiewe dinge doen wat negatiewe mediadekking sal veroorsaak nie.
- Hulle moet hul eie mediadepartement het om hul werk te bevorder.
- Hulle moet hulle pastore leer wat hulle mag en nie mag doen nie om nie negatiewe verslaggewing aan te trek nie.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (6)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**3.3 Dink jy Suid-Afrikaanse media bied regverdige dekking van religie? Gee DRIE redes vir jou antwoord.**

**JA**

- Persvryheid word in die verskeidenheid standpunte weerspieël soos ook in godsdienstige verslagdoening uitgedruk.
- Daar is godsdienstige programme op televisie kanale en radiostasies wat eerlik oor godsdienste verslagdoen.
- Alle godsdienstige word op verskillende media platvorms gedek.
- Godsdiensorganisasies het hulle eie onafhanklik media wat ten doel het om hulle leringe te verprei.
- Die wet laat toe dat besware gelig word indien mediadekking onregverdig is BCCSA.

**NEE**

- Drukgroepe, beide in die burgelike samelewing en regering verseker dat media artikels hul belange ondersteun.
- Joernaliste se verslagdoening weerspieel slegs hulle eie vooroordele.
- Die media is n besigheid en sal nuuswaardige items soek.
- 'n Artikel wat noem dat 'n middernagdiens goed afgeloop het, het min nuuswaarde.
- Die media is net agter nuus wat sensasioneel is, omdat sensasie fokus op die mediahuis plaas.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (6)

**3.4 Met verwysing na godsdienstige dekking in die media, skryf TWEE feite oor ELK van die volgende konsepte:**

**3.4.1 Stereotipering**

- Dit is veralgemening van iemand of 'n groep mense wat gevestig is en algemeen geglo word, dit word sonder bevraagtekening deur ander aanvaar.
- Dit word aanvaar sonder enige persoonlike besinning, ervaring of navorsing.
- Die veralgemening is gebaseer op 'n vooropgestelde idee van of onkunde of vooroordeel.
- Voorbeeld: Duitsers is anti-Jode.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

**3.4.2 Vooroordeel**

- Dit is die onregverdige voorstaan of steun van een of ander standpunt.
- Dit is dieselfde as bevooroordeeldheid.
- Dit is die teenoorgestelde van onpartydigheid.
- Byvoorbeeld: In die Apartheidstydperk was die staat beïnvloed deur 'n spesifieke vertolking van die Bybel wat wit oorheersing voortgestaan het.

**LET WEL: Enig relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**3.4.3 Sensasionalisme**

- Sensasionalisme is om verslag te doen met die voorneme om ’n bohaai oor ’n kwessie te maak.
- Die rede is dikwels kommersieël – om aandag te trek en om so verkope te lok.
- Daar is minder besorgdheid om ’n beredeneerde benadering te volg.
- Byvoorbeeld: Die pastoor wat sy gemeente met insekdoders gespuit het, het wereldwyd publisiteit gekry.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (4)

**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**VRAAG 4**

4.1 **4.1.1 Op watter kontinent is Soedan geleë?**

- Afrika (2)

**4.1.2 Noem TWEE groepe wat by die konflik betrokke is.**

- SAF (Sudanese Gewapende Magte)
- RSF (Spoedige Ondersteuningsmagte) (4)

**4.1.3 Identifiseer TWEE groot godsdienste wat by die konflik betrokke is.**

- Christendom
- Islam (4)

**4.1.4 Wat, volgens die artikel, veroorsaak dat die Soedanese mense sukkel om in hul basiese behoeftes te voorsien?**

- Erge weersomstandhede
- Klimaatsveranderinge
- Vloede
- Droogte

**ENIGE DRIE (3)** (6)

**4.1.5 Verduidelik kortliks die hoof oorsake van die konflik.**

- Die verskuiwingslyne in die Darfoer samelewing kan tot meer as 100 jaar gelede nagespoor word.
- Die skeidings in hierdie land is etnies en kultureel.
- Dit kom voor asof godsdiens nie die hoofbron van konflik is nie.
- Die meeste mense in die gebied is Soenni-Moslems.
- Daar is ook Christene en Animiste.
- Die nomade en boere het vir baie eeue ŉ poging aangewend om saam te leef,maar toe kos skaars geword het, het mededinging vir skaars hulpbronne konflik veroorsaak.
- Die Soedanese regering het Sharia wette op die land / gebied afgedwing.
- Die konflik was ook ekonomies.
- Die regering wou beheer hê oor die ryk Heglig olievelde.
- Selfs nadat Suid-Soedan in 2011 onafhanklik van Khartoum geword het, het die gewapende konflik in die gebied voort geduur.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (10)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**4.1.6 Met verwysing na die artikel, dink jy godsdiens is deel van die konflik? Gee DRIE redes vir jou antwoord.**

- Die artikel gee geen aanduiding dat religie deel van die konflik vorm nie.
- Die artikel noem slegs die gevegte tussen die twee groepe, maar dui nie aan of hulle aan enige religie behoort nie.
- Die meeste mense aan beide kante van die konflik is Soenni-Moslems.
- Dit blyk asof die artikel die huidige konflik met die verwydering van die militêre leier en 'n terugkeer na 'n burgerlike regering, verbind.
- Godsdiens het 'n indirekte rol in die 1983 burgeroorlog gespeel.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (6)

**4.1.7 Watter praktiese strategieë sal jy vir die mense van Soedanvoorstel om die konflik op te los?**

- Die strydende partye en die regering moet onderhoude voer om 'n gemeenskaplike basis te vind.
- Gemeenskappe moet saam kom, hulself organiseer en standpunt inneem teen religieuse onverdraagsaamheid.
- Hulle moet alle regeringsdepartemente verenig in die stryd teen klimaatsverandering.
- Hulle moet die plante verwyder wat baie water nodig het, soos gombome.
- Daar moet besproeïngskemas vir weiding areas wees.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (6)

4.2 **Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek VIER leringe wat vrede bevorder.**

**Voorbeeld 1: Christendom**

**Lering 1**

- **'Jy moet jou naaste lief hê soos jouself.'**
- Hierdie lering moedig mense aan om almal eenders te behandel.

**Lering 2**

- **'Doen aan anders wat jy aan jou gedoen wil hê.'**
- Hierdie lering moedig wedersydse respek aan.

**Lering 3**

- **'Jy mag nie moord pleeg nie.'**
- Dit verwys na die heiligheid van menslike lewe.

**Lering 4**

- **'Jy moet leierskap respekteer.'**
- Die wegwerk van die burgerlike oorgangsregering, dui daarop dat sekere groepe nie die regering respekteer het nie. (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Voorbeeld 2: Boeddhisme**
**Lering 1**
- Dit bevorder gedeelde menslikheid (onselfsugtigheid).
- Daar is ŉ gedeelde aspirsie om geluk te verwerf en om die lyding van alle lewende wesens te verhinder.

**Lering 2**
- ŉ Boeddhistiese credo lui as volg: 'Geen lewende weses, insluitende die mens, mag skade berokken word nie.'
- Om hierdie rede het Boeddhisme nog nooit oorlog gebruik om sy leringe te versprei nie, aangesien dit ŉ skending van basiese menseregte is.

**Lering 3**
- Dit is ŉ godsdiens wat diens aan die mensdom (deur klinieke, skole, ens) propageer.
- Boeddhisme laat vryheid van keuse in sosiale verhoudinge toe; rituele van ander godsdienste mag beoefen word, maar die persoonlike oortuigings moet Boeddhisties bly.
- Dit is deur verdraagsaamheid dat konflik vermy word.

**Lering 4**
- Goeie Karma
- Goeie dade en respek kan aan karma gekoppel word.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.**

**4.3 Konflik tussen Moslems en Christene is meer algemeen in Afrika as in enige ander kontinente. Gee TWEE moontlike redes vir dit.**

- Beide Christendom en Islam het ŉ sterk teenwoordigheid op die Afrika kontinent.
- Mense leef in gemeenskappe wat ŉ sterk godsdienstige identiteit, óf Moslem óf Christen, het.
- Beide godsdienste is sendeling godsdienste en word aktief versprei, wat tot konfrontasie kan lei.
- Armoede is dikwels ŉ oorsaak in godsdienstige konflik.
- Dit is ŉ feit dat wanneer Christene en Moslems meeding om skaars hulpbronne, dit tot godsdienstige konflik kan lei.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.**

(4)
**[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 5

**5.1 Identifiseer VIER voorbeelde van die skending van godsdienstige vryheid in die leesstuk.**

- Die moord op priesters.
- Ontvoering van priesters.
- Die verhindering van die dra van godsdienstige kleredrag.
- Die registrasie van godsdienstige groepe.
- Waar godsdienstige aktiwiteite mag plaasvind.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (8)

**5.2 Watter maatreëls het die Suid-Afrikaanse regering in plek gesit om godsdiens Vryheid te verseker?**

- Die Suid-Afrikaanse regering het die land as ŉ sekulêre staat gevestig.
- Terwyl apartheid Suid-Afrika ŉ Christen staat was, word geen godsdiens in die nuwe Suid-Afrika bevoordeel nie.
- Alle godsdienste word by amptelike staatsfunksies verteenwoordig, soos die opening van die parlement.
- Alle godsdienste het gelyke status in die grondwet.
- Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening is in die Grondwet van Suid -Afrika verskans.
- Alle gelowe word in die intergodsdienstige nasionale en internasionale organisasies in Suid-Afrika verteenwoordig.
- Daar is ŉ kommissie vir die bevordering en beskerming van die Regte van Kulture, Godsdienstige en Taalgemeenskappe wat saam met ander organe van die burgelike samelewing werk om die beskerming van die regte van daardie gemeenskappe te bevorder.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (10)

**5.3 Uit die leesstuk, identifiseer enige EEN skending van menseregte.**

- Die reg op lewe.
- Die reg om te aanbid.
- Die reg op ŉ veilige omgewing.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (2)

**5.4 Godsdiens vryheid is ŉ basiese mensereg.**

**5.4.1 Noem enige DRIE Menseregte wat jy bestudeer het.**

- Vryheid van diskriminasie.
- Die reg om te trou en ŉ familie te hê.
- Die reg op opvoeding.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (6)

**5.4.2 Bespreek krities EEN verantwoordelikheid van ELK van die Menseregte wat in VRAAG 5.4.1 genoem is.**

**Vryheid van diskriminasie**

- Jy het die verantwoordelikheid om hierdie reg vir jouself en andere te handhaaf.
- Jy mag nie teen ander diskrimineer op grond van ras, godsdiens, geslag, taal of politieke mening nie.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Reg op ʼn huwelik en gesin**

- Jy het die verantwoordelikheid om familielewe, veral jou eie, te ondersteun en te bevorder.
- Jy het die verantwoordelikheid om nie op enige wyse op te tree wat tot die afbreek van ʼn huwelik of die gesinslewe kan lei nie.

**Reg op opvoeding**

- Jy het die verantwoordelikheid om klasse by te woon.
- Jy het die verantwoordelikheid om ʼn toegewyde leerder /student te wees wat die vereiste werk en studie doen. (6)

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.**

**5.5 Bespreek enige EEN godsdiens se leringe wat Menseregte bevorder.**

**Voorbeeld 1: Christendom**

- ‘Jy moet jou naaste liefhe soos jouself.’
- Dit beteken dat ons mekaar soos broers en susters moet behandel om in vrede te leef.
- ‘Salig is die vredemakers want hulle sal die koninkryk van God beërwe’.
- Dit moedig vredemakers onder Christen-gemeenskappe aan.
- ‘Doen aan ander wat jy wil hê hulle aan jou moet doen.’
- Almal wil regverdigheid hê, so ons moet nie onregverdig teenoor ander optree nie.

**Voorbeeld 2: Afrika Tradisionele Godsdiens**

- Die Afrika spreekwoord ; ‘Umuntu ngumuntu ngabantu’ beteken dat ʼn mens bestaan omdat ʼn gemeenskap bestaan.
- Die gemeenskap is die belangrikste aspek van lewe.
- Die individue kry sy/haar sinvolheid in die lewe van die gemeenskap.
- Die gemeenskap kan nie groei sonder om die individu te respekteer nie en omgekeerd.
- In Afrika Tradisionele Godsdiens moet jy in vrede met elkeen leef omdat jy hom/haar môre dalk sal nodig kry.

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.** (10)

**5.6 Noem die werk wat ELK van die volgende godsdienstige organisasies doen.**

**5.6.1 Gift of the Givers**

- Dit is die grootste rampreaksie -NRO van Afrika oorsprong op die Afrika kontinent.
- Dit gee lewensreddende hulp in die vorm van soek-en-red-spanne, mediese personeel, mediese toerusting, medisyne inentingstowwe en teen malaria medikasie.
- Die stigting het ten doel om ʼn praktiese verskil in mense se lewens te maak, ongeag ras, geloof of godsdiens.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**5.6.2 Die Heilsleer**

- Dit is ŉ Christen-organisasie wat ŉ aantal praktiese maniere verskaf om mense te help.
- Dit sluit in verskaffing van skuiling vir haweloses en hulp vir weeskinders.
- Hulle verskaf geestelike en emosionele stimulasie, liefde en versorging vir hierdie kinders.
- Die kinders word versorg, gevoed en geklee en die geleentheid gebied om hul kinderjare te geniet.
- Indien moontlik word die kinders met hul biologiese ouers herenig.
- Alternatiewelik word pleegsorg of aanneming aangemoedig. (8)

**LET WEL: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.**

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African